

24 Januarie Filippense 2:14-18, (Teks: 2:15b)

Wees ligdraers in die donker wêreld

Soos 'n lig in die donker nag. So moet die gelowige se lewe uitstaan in die wêreld.

Die Christen is immers iemand wat iets het wat ander mense nie het nie. Hy/sy het naamlik deel aan die lig wat van God, wat self Lig is, uitstraal. Die lig het deur Jesus, wat self ook die Lig genoem word, in die sonde-donkerheid sigbaar geword.

Nou moet ons as gelowiges die lig van God in die wêreld indra. Ons moet die lig weerkaats, soos sterre die son weerkaats. Ons is die kandelare, die vervoermiddels van die lig in die wêreld.

Dit is 'n baie bevoorregte posisie. Om nie tastende en soekende te wees in die donker nie, maar om die lig te hê wat rigting en wysheid gee. Die voorreg bring saam met hom ook 'n groot verantwoordelikheid. Ons, wat die lig ontvang het, moet nou die lig uitdra te midde van ontaarde en korrumperte mense. Ons kan ons nie daarvan onttrek nie, maar ons moet juis te midde van die mense ligdraers wees.

Die Woord gee voorts riglyne oor HOE om die lig te laat skyn.

*Ons moet eerstens lewe sonder om te KLA of TEËPRAAT. Ons moet nie rondloop asof ons Christenskap vir ons 'n swaar las op ons skouers is nie.

*Tweedens moet ons bo VERDENKING staan, OPREG bly en ONBERISPELIKE kinders van God wees. Dit wil sê ons moet mense met integriteit wees. Sonder verskuilde agendas. Ons "ja" moet ons "ja" en ons "nee" moet "nee" wees.

*Derdens is ons ligdraers deur die WOORD uit te dra. Letterlik beteken dit dat ons dit aan ander moet voorhou. Soos 'n kers in die donker, dat almal dit kan sien. Wanneer ons dit doen sal die lig weer begin skyn in die donkerte daarbuite.

Sing: Skrifberyming 3:2

Ds. H.S. Coetzee (Bellville-Oos)